

Ons saligheid is uitsluitlik die werk van die Drie-enige God

Paulus is besig om in hierdie perikoop vir die Tessalonisense daarop te wys dat die wederkoms van Christus eers sal aanbreek nadat die groot afvalligheid gekom het en die wettelose mens sy verskyning gemaak het nie. Diegene wat verlore gaan, sal aan die mag van die wettelose mens oorgegee word en hulle sal die leuen glo en met die wederkoms van Christus veroordeel word.

In ons fokusgedeelte bemoedig hy nou die gelowiges deur vir hulle daarop te wys hoe wonderlik die Here se genadige redding is wat Hy aan hulle geskenk het. Hulle sal nie soos die ongelowiges veroordeel word nie, omdat God self hulle redding bewerk het. Van ons kant kan ons niks doen om hierdie redding te verkry nie. Dit is as gevolg van God se liefde wat Hy aan ons deur Jesus Christus bewys het dat Hy ons van die begin af uitgekies en deur die Heilige Gees afgesonder het, om vir Hom as 'n volk diensbaar te wees. Dat ons die waarheid van die Woord glo, is deur en deur God se genade.

As ons dit werklik besef, dan sal ons God ook soos Paulus elke dag vir sy reddende genade dank. Dink net, jy kan die toekoms met vrymoedigheid tegemoet gaan, ook al hoor jy van die wettelose mens en die mag wat hy oor mense het. Omdat God jou uitgekies en gered het, hoef jy die Bose nie te vrees nie. Deur sy liefde en genade het Hy ook vir jou 'n blywende troos en 'n goeie hoop gegee.

Sing: Skrifberyming 5-4:2, 5, 6

Ds Andries Kruger (Springs)